

**Skriflesing:** Mattheus 7:13-29

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 49**

**Sing: Ps.40:4; Ps 25:2,4; Ps 86:6 9 (Ps.19:6,7)**

Die noue verband met die Drie-Eenheid van God is deur Christus Self in hierdie volmaakte gebed ingelê. Broeder ene suster, as God se Naam geheilig moet word, dan gaan dit om God die Vader, wat vir ons sy Woord gegee het. Ons bid dat die openbaring van God vir ons die wil van die Vader bekendmaak. Die tweede bede- *Laat u koninkryk kom...* dat die ryk van Christus so mag kom dat ons deur sy Woord en Gees regeer sal word. Vandag bid ons dat die wil van die Here moet geskied. Hierdie gebed wil tot die Heilige Gees nader dat ons as onderdane van God in sy koninkryk ook lewende onderdane sal wees en dat die lewe wat die Gees in ons moet wek so in ons sal werk dat ons in alles na die wil van die Here sal luister in wat Hy aan ons geopenbaar het.

Waar dit gaan om God se wil in ons lewens het ons te doen met die lewe en die dood. So ernstig is dit dat aan die wil van God is selfs die belofte van die ewige lewe verbind. Ons moet in alles volhard om die wil van God te doen want God wil dat ons in volharding sy wil moet volbring want so kan ons wat Hy beloof het in besit neem. Hebreërs 10:36 praat ook van - *nadat julle die wil van God gedoen het die belofte te verkry...*

\*\*\*

Dit bring ons vanoggend dan ook by die besef benewens die feit dat dit baie dringend is om hierdie gebed in jou lewe te bid is dit geen maklike gebed nie. Die wil van die Here word in ons lewens uitgevoer deur 'n geweldige stryd wat daar in ons plaasvind. Ons kan hierdie wil op geen wyse in ons eie krag uitvoer nie. Aan die ander kant so min soos wat ons uit onself die wil van God kan doen moet ons terselfdertyd besef niemand kan gered word wat nie die wil van God doen nie. Daar is volharding nodig om die wil van God te wil doen, en daarom dat die gedeelte uit Hebreërs ons aanmoedig doen die wil van God en jy neem in besit dit wat God aan jou belowe het. Dit is so 'n ryke belofte om eintlik in die beloftes van God die nog groter beloftes te verkry.

\*\*\*

Nou moet ons hier in hierdie stryd wat ons om God se wil voer baie versigtig wees, geliefdes. Daar is die voorbeeld wat ons by Samuel en Eli aantref. Samuel is nog die jong seun wat as priester in wording die hoëpriester Eli moet bystaan. Nou weet ons hoe

die Here die een nag met die jonge Samuel Sy wil bekendgemaak het. Hoe Samuel aanvanklik nie geweet het Wie so na hom roep nie, menende dat dit elke keer maar Eli is. Dit hou aan totdat Eli kon onderskei maar dit moet mos God wees wat met die seun praat en op Eli se advies sou Samuel weer by die roeping kon sê- *Spreek Here, wat u dienskneg luister...* En dan ontvang die jonge Samuel die verskriklike openbaring wat die wil van God aan hom bekend maak. God sê aan Samuel dat vanweë die goddeloosheid van Eli se seuns gaan die Here iets verskriklik in Israel doen. So verskriklik dat elkeen wat dit sou hoor die twee ore sou tuit. God kondig 'n baie harde oordeel oor die priester huis aan. In 1 Samuel 3:14 lees ons selfs dat die Here gesweer het aangaande die huis van Eli- *Waarlik die ongeregtigheid van die huis van Eli sal tot in ewigheid nie deur slagoffer of spysoffer versoen word nie...*

Hier het ons die voorbeeld van wat ons reeds beseft hoe die openbaring van God se wil 'n geweldige spanning in jou lewe kan teweegbring. Samuel verkeer in die grootste benoudheid oor hy nou God se wil ken maar hoe kan hy dit oordra. Daar het ons van die kant van Eli die aandrag dat Samuel verplig moet wees om aan Eli God se wil oor te bring. Samuel moet Eli alles vertel wat dan ook gebeur.

En nou doen Eli eintlik presies dit wat die Here ons in die gebed rondom die derde bedeleer ons nie moet doen nie. Dit klink baie vroom as Eli dan sê- *Hy is die HERE, laat Hom doen wat goed is in sy oë...* Daar is geen voorneme wat Eli aanbetref dat hy van sy kant gaan regmaak nie. Hy gee die indruk van ek berus hierby, sonder om oor sy eie rol in sy kinders se opvoeding hom enigsins te verootmoedig. Hy maak asof hy maar alles nog steeds in die Here se hande oorlaat sonder om op hierdie laat stadium sy eie persoonlike verantwoordelikheid te beseft. Ons het in Afrikaans eintlik in verband met die derde bedeleer 'n eie verkeerde spreekwoord ontwikkel- die spreekwoord wat sê – “laat God se water maar oor God se akker loop”...

\*\*\*

Die gebed wat die Here ons hier leer het niks met passiewe oorgegewe berusting te doen van ek kan niks aan God se wil verander nie, nou aanvaar ek dit maar. Broeder en suster, die derde bedeleer moet nie so vertolk word nie, maar in hierdie gebed gaan dit oor aktiewe

gehoorsaamheid aan God. Dit gaan daaroor dat ek sal doen dit wat die Here my beveel. Ek moet my eie wil kan prysgee, die Kategismus vra- **Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee...** En dan kom daar eintlik 'n oproep tot die Here tot werklike besig wees met sy wil, daar moet 'n heilige strydvaardigheid, 'n gewillige gehoorsaamheid aan God se wil by ons kom.

Die feit dat die gebed wat die Here ons geleer het die toevoeging maak dat – ***Laat u wil geskied, soos in die hemel,*** dan weet ons in die hemel is daar nie maar passiewe berusting van dit is nou só en nou aanvaar ek dit maar nie. Nee, in die hemel waar die engele is gaan dit om die engele wat God se wil van harte volbring. In hierdie opsig maak Jesus hulle ons voorbeeld. Ons moet dan selfs bid dat ek God se wil hier op aarde doen soos die engele in die hemel sy wil uitvoer. Uit onself waar ons van nature verdorwe is en ons eie bose wil voortdurend in opstand is teen God se wil, daarom bid ons dat wat ek nie kan doen nie, die Here my tog die krag, die vermoë mag gee om dit te mag doen.

\*\*\*

Ek bid in werklikheid dat die Here nie mag toelaat dat ek maar in my eie sondige wil berus nie. Ons wil deur die innerlike krag wat God ons deur sy Heilige Gees skenk, dit wat deur die wedergeboorte in ons gewerk word, vra ons die Here dat daar tot binne-in ons harte, in die binneste dele van my as mens waar die duiwel en my eie begeertes so die botoon wil voer, dat die Gees van die Here daar moet inkom en daar moet werk. Die Dordtse Leerreëls gee eintlik hier die werk waar dit om moet gaan- Hfst. 3/4par.11 bely ons: dat **die Here die geslote hart sal open, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig; en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en verstek die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.**

\*\*\*

Om die werklike omvang van wat ons hier bid duidelik te stel moet ons vanuit die dogmatiek twee dinge goed onderskei. Die wil van God staan op twee maniere vir ons geskrywe. Ons het die wil van God se besluite maar ook die wil van God se bevele.

Andere onderskei dan hier tussen die verborge wil van God en die geopenbaarde wil van God. Dit staan op wat ons ook in die Here se Woord lees- *die verborge dinge is vir die Here onse God, maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid om te doen, al die woorde van hierdie wet* ( Deut.29:29).

Sowel die besluite as die bevele van God is sy goddelike wil. Maar die wil omtrent God se besluite, dit is wat ook as God se Raadsplan bekend staan. God voer Self sy Raad in hierdie wêreld uit. God se ewige gedagtes omtrent alle dinge is wat met die maak van die geskiedenis na ons toe kom. God maak geskiedenis ooreenkomstig sy Raad. Dit geskied dan ook ooreenkomstig hoe God dit wil.

Maar nou die wil van God se bevele vra ons die Here nie maar net om berusting in God se wil, wel is dit soms nodig, want die voorbeeld van Job en van Paulus gaan ons ook hier voor. Job het gesê – *Die Here het gegee, en die Here het geneem: die Naam van die Here sy geloof!* Daar kom die tye wat jy een in wil met God se wil moet wees. Dit vra tog wel ook berusting soos Paulus in 2 Kor 12:9 dit moes aanvaar. Die Here het vir hom gesê- *My genade is vir jou genoeg...* God wat vir Paulus die doring in die vlees gegee het, het Paulus moes leer om dit so te aanvaar. Hy moes een in wil word met God se wil.

\*\*\*

Wanneer ons dit besef, broeder en suster, dan besef ons hierdie gebed wil eintlik my wil ombuig dat daar gewilligheid moet kom in wat ons moet doen. Sekere dinge kan ons nie verander nie, dit het Dawid ook besef by die dood van die kindjie wat hy op sondige wyse by Batseba verwek het. Toe die kindjie nog baie siek was, het hy hard op homself neergekom en nie geëet nie, en hy het gevas en op die grond bly lê, maar toe die kindjie dood was, toe staan hy op en hy eet ook weer. Mens sou verwag nou moet Dawid mos veral homself teen die grond bevind, maar hier is iets van die worsteling wat niemand van ons, ons van kan losmaak nie. Dawid verklaar dit eintlik self- 2 Sam 12:22-23: *En hy sê: Toe die kind nog in die lewe was, het ek gevas en geweene, want ek het gedink: Wie weet— die HERE kan my genadig wees, sodat die kind in die lewe bly. Maar nou is hy dood— waarom sou ek dan vas? Sal ek hom nog kan terugbring? Ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkeer nie.*

Ons het hier met die groot vraag of God se besluitende wil en bevelende wil met mekaar in stryd kan wees. Dit mag soms vir ons so voorkom, maar die enigste rede hiervoor is dat ons nie alles kan verstaan nie. Ons sondige verstand kan hoegenaamd nie alles deursien nie, wat Abraham op die berg Moria ook sou agterkom.

\*\*\*

Die Here beveel vir Abraham om Isak sy enigste seun van die belofte te gaan offer. Daar was dan selfs aan Abraham belowe dat die Messias uit Isak sal kom, nou wil dit lyk God wil sy eie belofte kind slag. Die Here gee dan die opdrag, die bevelende wil daartoe. Is dit God se besluitende wil wat nou met sy bevelende wil bots?! God se besluit was hierdie gaan die kind van die belofte wees. God se bevel is nou gaan slag hom. Hoe het Abraham gehandel. Hy het nie gedink ek sal maar eerder my op die belofte van God beroep en maak of God se bevel nie bestaan nie. Aan die ander kant het hy ook nie maar eenvoudig aanvaar dit is met God se belofte nou klaar want wat ek nou doen sny God se belofte ook af. Née, hy het van alle kante bly vashou. God se wil in sy besluite maar God se wil in sy bevel word nie teen mekaar afgespeel nie, want het Abraham aan albei vasgehou as ons Heb.11:18 lees- *want hy (Abraham) het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek.*

\*\*\*

Abraham, Dawid, Paulus, daar sou nog baie voorbeelde kon wees, maar as die Naam van die Here, geheilig word, en God se koninkryk kom, ook in jou lewe, jy wat God se Naam moet eer, en sy koninkryk moet soek, beide God se Naam en koninkryk kom nou eintlik in hierdie derde bede na jou toe. Daar in jou daadwerklike alledaagse bestaan, bid jy dat God se Naam werklik so geheilig sal word, ook in dit wat jy vir God dag tot dag wil doen. In hierdie derde bede is ons so ernstig ook in terme van die tweede bede dat ek vir God van harte wil aanroep dat sy koninkryk so konkreet in my lewe moet kom dat ek werklik wil leer om sy wil in gehoorsaamheid aan Hom alleen in hierdie wêreld uit te voer. Mag ek dan ook God se koninkryk sonder enige teenspraak van my kant soek. Daarvoor bid ons...

\*\*\*

Broeder en suster, ons belydenis stel dit heel konkreet – **Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpratersy gehoorsaam te wees...** Dit word 'n gebed dat die Here my in my verantwoordelikheid moet help. Ek moet teen my eie natuur kan optree, en as ek in konflik met myself kom, daarvoor bid ons dat daar in my konflik téén myself sal kom. In hierdie sware stryd wat ek dan met myself mag hê, dat ek daartoe sal oorgaan om myself te verloën. God se wil staan altyd in die teken van selfverloëning, en mag jy wel in jou eie persoon deur die doen van God se wil ook skade ly, maar tog besef ons dat al mag dit nie so lyk nie en al mag die wêreld ook sê dit is dwaas om so te handel, moet ons weet God se wil is altyd goed. Dit is die een reël wat God ons gee en wat deurgaen.

In die paradys sou hierdie derde bedede in hierdie volgorde sondig en onvanpas gewees het. Trouens die mens wat God sy kind gemaak het, en nie maar sy dienaars soos die engele, die mens sou in die paradys vir die engele 'n voorbeeld moes wees. Die aarde het daar die hemel moes voorgaan en het die mens die groter voorbeeld van gehoorsaamheid aan die engele moes leer. Voor die sondeval sou dit eintlik gebid moes word, laat u wil geskied soos op die aarde, net so in die hemele, maar u weet die val wat daar by die engele was het na die aarde deurgekom. As Adam dan tog maar sou bid, meer as ooit dat die rewolusie in die hemele, gekeer mag word, laat u wil geskied op die aarde, dat daar in die hemele ook na u wil terugkeer mag word. As Adam maar sou vra veral toe die slang hom in die paradys ook openbaar en die mens tot dieselfde sonde as daardie groep engele wou verlei, laat u wil geskied, soos op die aarde, net so ook in die hemele, dat Adam die Here sou vra om die hemele ook weer te maak soos wat die aarde toe nog was, die plek van God se volmaak te wil...

Die geskiedenis van Genesis 3 het na ons afgekom. Die mens het ook nie in die waarheid bly staan nie. Hy bid nie dat daar in die hemele na die gehoorsaamheid terugkeer moet word nie, maar hy laat eerder hierdie ongehoorsaamheid homself welgeval en bid nie tot die hemele van God nie, maar vloek daarteen. Die val wat daar in die hemele plaasgevind het, het nou ook na die aarde deurgedring en die aarde is deur die hemelse val meegeleer. Hemel en aarde is gedeformeer. Die hemel het in die afval aan die aarde

die leiding gegee in plaas van dat die aarde toe die geleentheid daar was, die hemel voorgegaan het in troue diens aan die Here. Hoe dikwels het die Satan daar van bo toe hy nog in die hemele toegelaat was juis 'n aanslag uit die hemele op die aarde gemaak om die aarde sy gehoorsames te ontnem. Dit wat ook met Job gebeur het.

Die armoede in die Ou Testament is dat die gebed wat Jesus ons leer nie in die tyd van die Ou Testament so gebid sou kon word nie. Al sou ons kon bid- *Laat U wil geskied*, tog het die hemele nog ook die Satan bevat. Die hemel sou vir die aarde nie die voorbeeld kon wees nie, net soos wat daar wel 'n tyd kon wees dat die aarde vir die hemele 'n voorbeeld moet wees. Beide hemel en aarde het in die sonde geval, want 'n hemel met Satan nog daar teenwoordig het hierdie gebed in sy volheid onmoontlik gemaak.

\*\*\*

Tog het Christus hierdie gebed ons geleer waar Hy nou die hemele die voorbeeld vir die aarde kon maak. Die deformatsie het wel in die hemel begin en vanuit die hemel het daar deformatsie ook op die aarde gekom. Dit laat Op.12 ons ook beseef, maar wat in Luk. 10 en Op.12 ook staan, Christus het 'n geweldige verandering nie net op die aarde nie, maar veral ook in die hemele teweeggebring. As Jesus daardie 70 dissipels uitstuur om vir geheel in Israel te gaan preek dan gebeur daar iets wat hulle eenvoudig verwonder, want kondig hierdie dissipels nou aan dat hulle hier op aarde die demone kan uitdryf. Hierdie 70 is so bly dat die demone hulle aan hulle moet onderwerp in die Naam van Hom wat hulle gestuur het. Al begryp hulle dit nog nie mooi nie hoe kry hulle dit reg om die mag van Satan te breek, dan is dit Jesus wat aankondig dat Hy die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val het. Die verblyfreg wat Satan daarbo gehad het, is verby! Die toegemaakte deur daarbo het ook sy krag hieronder gebreek.

Die groot verskil het gekom. Tussen Job en hierdie dissipels staan daar net Een wat die verskil kon maak en dit is ons Here Jesus Christus. In die woestyn het Hy wat Jesus is die duiwel in al sy versoekinge voluit weerstaan, en het die duiwel die reg tot klag wat hy teen die mens gehad het op alle gronde verloor. Die kruis was die laaste spyker daarvan. Satan het op grond van die reg van God, God nog elke keer aan sy eie reg gebonde kon hou en so het God die hemele in die Ou Testament nie vir hom kon sluit nie, maar in

Christus is die reg wat Satan ons aanmekaar teen God mee afgespeel het, Jesus het daardie reg so in ons plek vervul, dat die verskriklike regsak wat ook die Satan teen ons gehad het, nou ook nie meer geld nie. Jesus het eintlik deur sy dood en lyding heen, deur in alles aan die reg van God te voldoen en God se wil volmaak te gehoorsaam hierdie derde bede in sy volle betekenis moontlik gemaak. Daar het vanaf die aarde, danksy Christus, reformasie in die hemel kon plaasvind.

Maar nou, in hierdie derde bede, omdat Christus nou in die hemel is, kan daar ook vanuit die hemel herstel en reformasie op die aarde plaasvind. God se wil kan op aarde geskied net soos in die hemele, danksy God wat aan sy eie wil in Christus voldoen het. Dit is ons gebed in hierdie derde bede, dat ons 'n taak het hier op aarde, ja die ouer vertalings van die Kategismus het nog tereg gepraat dat ons, ons amp en beroep gewillig en getrou moet kan uitvoer.

Ons staan met hierdie gebed met die werklikhede van elke dag gekonfronteer. Stakings en boikotte, dit wat die laaste tyd so deel van die lewe geword het, daar is in ons belydenis geen ruimte daarvoor nie. Laat ons afsluit met die besef dat hierdie gebed soos voedsel in ons lewe gesien moet word. Sonder kos kan 'n mens nie lewe nie. So is God se wil, wat moet geskied. As ons aan Christus verbonde is soos ranke aan die wingerdstok dan sal dit ook ons voedsel wees om die wil van ons Hemelse Vader te doen. Ons moet nie maak of dit maar net nagereg is nie. Dan is my voedsel dit wat EK WIL doen, en my nagereg om te doen wat GOD WIL. Dan lewe ek soos ek wil.

Dit wat Jesus gesê het is Hy baie ernstig oor- *Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is* (Matt.7:21). Ons moet besef uit onself kan ons dit nie regkry nie. As Jesus vanuit sy bergpreek dit vir ons sê, waarin ook die Onse Vader –gebed aan ons geleer word, dan is dit asof Jesus klaar met ons praat in wat in Hom moontlik is. Alleen in Hom waar Hy ons stel voor die volstreekte verpligting dat ons God se wil moet doen dan wil Hy dat ons soos kinders van ons Hemelse Vader dit ook wil doen. Kinders is uit liefde aan God gehoorsaam en nie uit dwang nie. Jesus kan hier alreeds die genade van



God voorop stel. God se gawes staan altyd eerste. God gee eers voor Hy eis. Gehoorsaamheid aan die wil van God is dus 'n gevolg van die genade wat die gelowiges reeds ontvang het. Christus wat hier preek het in alles die wil van God volbring, en omdat Hy vir ons die genade van God kan uitdeel kan ons ook deel in sy koninkryk. Ons kan dan God se wil doen, nie uit eie krag nie, maar in die krag van God. Dit is God wat in ons werk om te wil sowel as om te werk.

Daarom geliefdes, in u amp as gelowige, u is profeet, priester en koning, soek na God se wil en doen wat van u verwag kan word. Dit waarvoor ons ook bid. As profeet mag dit God se wil wees dat ons deur woord en daad die verlossing in en deur Christus verkondig en ons nie skaam vir sy evangelie nie. As priesters dat ons, onself as lewende dankoffers aan God moet toewy, dat ons barmhartigheid aan ons medemens sal bewys, vir mekaar bid en vir mekaar tot seën wees. As koning bid ons laat U wil geskied dat ek met 'n vrye en goeie gewete teen die sonde in my eie lewe en in die lewe van ander kan stry. Ons moet as konings bid dat dit God se wil mag wees dat sy koninkryk mag uitbrei want dit beteken vir ons in die amp van gelowige net meer en meer as God sy Ryk uitbrei.

Ons eie wil moet ondergeskik gestel word, want onthou hoe die engele dit doen. Daar word in werklikheid in die gebed wat die Here ons leer oor die engele en oor die duiwel gepraat. As ons later daarby kom- *verlos ons van die Bose*, dan is dit die duiwel waarvan gepraat word. Maar ons het hier die engele wat vir ons reeds tot die wil van God aangespoor het. Kom ons hierdie voorbeeld wil navolg.

AMEN

Vrae uit Sondag 49:

1. Op watter wyse kan ons die Drie-Eenheid van God ook in die Onse-Vader onderskei?
2. Hoe ernstig is dit om werklik God se wil uit te voer? Motiveer die erns.
3. Is dit maklik om God se wil uit te voer?
4. Hoekom is die antwoord wat Eli aan Samuel gegee het - *Hy is die HERE, laat Hom doen wat goed is in sy oë...*, nie reg nie?
5. Is die spreekwoord- "laat God se water maar oor God se akker loop"... werklik tot eer van God?!
6. Wat is die kern waarvoor ons in die derde bedede bid? (Kyk bo-aan p.3).

7. Wat moet met my eie wil gebeur?
8. Wat is die bedoeling dat ons die woorde toevoeg- *net soos in die hemel*?
9. Beskryf hoe die Dordtse Leerreëls dit bely in hoe ek God se wil kan doen?
10. Op watter twee maniere moet ons na God se wil vanuit die dogmatiek kyk?
11. Met watter ander name kan ons na die wil van God se besluite verwys?
12. Is dit soms nodig om in die wil van God te berus? Gee voorbeelde.
13. Kan God se bevelende wil en sy besluitende wil met mekaar in stryd wees?  
Verduidelik aan die hand van Abraham wat opdrag ontvang om Isak te gaan offer.
14. Wat het Abraham geglo sal God doen as dit wel God se wil is dat hy sy kind moet slag?
15. Sou daar in die paradys gebid kon word dat God se wil moet geskied ... soos in die hemele?
16. Is daar 'n verskil om 'n dienaar van God te wees of 'n kind van God te wees?
17. Waar het die eerste deformatsie plaasgevind? In die hemel of op die aarde?
18. Wat kan ons as "armoede" in die Ou Testament tipeer? (Vgl. p.7)
19. Hoe het die reformasie in die hemel kon plaasvind?
20. Hoe moet ons vanuit hierdie gebed die gereelde stakings in ons land beoordeel?
21. Motiveer hoekom ons die derde bede soos voedsel in ons daaglikse lewe moet hanteer?
22. Watter belangrike uitspraak het Jesus in Matt.7:21 gemaak. Hoe moet ons hierdie gedeelte verstaan?
23. In watter amp is u geplaas as ons bid dat elkeen sy amp en beroep gewillig en getrou moet kan uitvoer?
24. Word daar ook oor die Satan in hierdie volmaakte gebed gepraat?

